

Genade en vrede ...

Die genade-wonder van harmonie



Genade en vrede ...

DIE GENADE-WONDER VAN HARMONIE

Liewe broer, liewe suster

Hoe belangrik is dit vir jou om regtig DEEL van ons gemeente te wees?

- Hoe baie kontak maak jy met die mense wat saam met jou vanoggend hier is?
- Hoe baie tyd spandeer jy saam met die Here se kinders wat nou om jou sit?
- Hoe baie moeite doen jy om die se Here se kinders om jou te leer ken?
- Hoe baie van jouself gee jy vir die mense om jou?

Maar dalk 'n belangriker vraag, geliefdes:

- Is dit nodig dat ek DEEL is van ons gemeente?
- Is die nodig dat jy en ek tyd met mekaar sal spandeer, dat ons moeite doen om mekaar te leer ken ... dat ons van onself vir mekaar gee?
- Ja, wat verwag die Here van ons in ons saam-leef met mekaar, geliefdes?

Dis uiteindelik die kern-vraag vanoggend:

Hoe belangrik is dit vir die Here dat jy en ek SAAM-MET-MEKAAR leef?

HERE WIL DAT ONS (KERK) SAAM-MET-MEKAAR LEEF

In Psalm 133 begin Dawid met die uitroep:

Kyk ...

Dawid sê ... *Gee ordentlik aandag aan wat ek nou gaan vertel!*

Ja ... KYK na ...

Die Here se kinders wat saam op reis is.

- Onthou ... Psalm 133 is 'n Pelgrimslied.
- Die Here se kinders Is almal op pad Jerusalem toe.
- Almal is op pad om in Jerusalem die Here te gaan aanbid.

Nou het hulle van verskillende streke en dorpe gekom:

- Sommiges het van as't ware van Aerorand se kant gekom ... andere weer van Kanonkop se kant af.

- Sommige het saam met hulle gesinne gestap ... andere weer op hul eie.
- Maar almal was gelowiges ... op pad ... na die Here toe.

En as jy aan die gewone lewe dink ... dan verwag jy eintlik dat almal groepies-groepies gestap het:

- Want ... jy leef mos makliker saam met jou eie gesin, en jou eie familie.
 - As jy vreemd is vir mekaar ... is dit ongemaklik om saam te stap.
 - As jy vies is mekaar ... wil jy nie saam met mekaar stap nie.
- So mens sou verwag dat die Van Dyk's hier op hul eie stap ... en so 100 meter agter hulle of voor hulle ... kry jy dan weer die De Beers ...

Maar nou is die wonderlike wat Dawid raaksien en wat hy wil hê ons moet raaksien:

Geloofsboeties en -sussies loop almal saam met mekaar op die pad!

- Ja, broers woon saam ... noem Dawid dit.
- Jy kom op dieselfde plek tot rus.
- Jy het dieselfde basis vir jou lewe van elke dag.
- Jy sit saam en jy slaap saam.
- Jy leef saam en jy doen saam.
- Jy dink saam en jy beplan saam.
- Jy IS saam ... en jy WERK saam.

Jy bestaan en jy leef saam met al die Here se kinders!

Dawid sê ... dis mooi ... dis wow:

- Wanneer gelowiges saam met mekaar leef en werk ... dan is dit asof jy na 'n mooi blommerangskikking kyk:
 - Een blom op sy eie is mooi ...
 - Maar baie blomme saam ... wat elkeen ietsie ekstra bied ... dis wow!
- Dis asof mens na 'n skitterende koor luister:
 - Een mens wat sing is mooi ...
 - Maar al daardie stemme saam ...die soprane en die alte en die tenore en die basse ... almal saam ... dis wow!

Maar dis meer as net mooi:

- Want Dawid sê pertinent:

Kyk hoe GOED is dit ...

- En goed beteken ...

- Dis wat die Here wil!
- Dis hoe die Here dit beplan het en gemaak het.
- Onthou maar hoe die Here met die skepping elke keer gekyk het na wat Hy gedoen het en dan gesê het:

Dit is goed ... dis soos EK dit wou gehad het!

- Dis wat die Here ook hier in Psalm 133 sê:

*Ek WIL dat gelowiges, my kinders, my kerk,
SAAM-MET-MEKAAR leef!*

- Ja, in MY kerk (want onthou elke gemeente, elke kerk, is MY, die Here, se kerk)
... in MY kerk

- wil EK dat my kinders een van hart en siel sal wees.
- EK WIL dat my kinders saam met mekaar sal leef.
- EK WIL dat my kinders verantwoordelikheid vir mekaar sal neem.
- EK WIL dat my kinders mekaar sal liefhê, mekaar se laste sal dra.

- Want

- EK het deur Jesus alle skeiding en vyandskap afgebreek
- EK het deur my Gees my kinders saamgevoeg.
- EK het my kinders bymekaar gesit ... soos 'n liggaam aanmekaar gesit.

Dis wat EK, die Here, WIL

My kinders leef saam-met-mekaar ... voluit!

Ja, geliefdes:

- Die Here wil nie dat ons as gelowiges soos Abraham en Lot of soos Jakob en Esau besluit dat ons maar elkeen op sy mishoop gaan sit en woon en leef nie.
- Die Here wil nie dat ons soos die gelowiges in Korinte groepe begin vorm (ek is 'n Dopper of ek is 'n NGer) nie.

- Die Here wil nie dat ons soos die gelowiges met wie Jakobus praat ryk en vooraanstaande mense belangriker as die ander in die gemeente maak nie.
- Die Here wil nie dat ons net met hierdie groep mense (die Jode ... of die Afrikaners ... of die Kurpershoek) sal kuier en saamleef nie.

Néé, die Here wil dat ons as kerk ALMAL ... SAAM-MET-MEKAAR leef!

Dis immers waarvoor Jesus na hierdie wêreld gekom het:

- In Efesiërs 1 stel Paulus dat die Here besig is om alles en almal onder een Hoof in Christus saam te bring!
- In Openbaring 7 lees ons hoe mense uit elke nasie en stam en volk en taal voor die Here saam is en SAAM die Here aanbid.
- Dis wat vir ons Here belangrik is, geliefdes:

As sy kinders, as sy kerk, leef ons ... SAAM-MET-MEKAAR!

HETE GEBRUIK SAAM-LEWE IN SY REDDINGSWERK

Maar hoekom is dit vir die Here so belangrik, geliefdes?

Dawid gebruik twee prentjies om dit te verduidelik:

- Die prentjie van ... olie ... en
- Die prentjie van ... dou ...

Kom ons kyk na die eerste prentjie ... die olie wat op Aäron uitgegooi word:

- Aäron is die hoëpriester ... dié man wat spesiaal deur die Here gekies is om die offers vir Here te bring sodat die Here se kinders weer by Hom kan wees – al was hulle stout.
- En Aäron het spesiale klere gehad wat die Here vir hom laat maak het ... juis om te wys dat die Here hom gekies en eenkant gesit.
- Aäron is ook met spesiale olie gesalf ... olie wat baie lekker geruk het ... waarmee die Here gesê het: Almal moet kan sien dat Ek jou gekies het om werk te doen ... en dat ek jou daarvoor toegerus het, gereedgemaak het.

En nou sê Dawid:

*As jy en ek saam-leef met mekaar ... voluit ... dan is dit
soos die olie wat op Aäron se kop uitgegooi word en
dit loop af op sy baard en deur sy baard tot op sy kraag.*

Ja ... wanneer ons so saam-met-mekaar-leef ... dan kan ons weet:

- Die Here het ons eenkant gesit, apart gesit om vir Hom te werk.
- Maar ook het die Here ons toegerus, gereedgemaak om die werk te kan doen.

Wat bedoel Dawid prakties?

- Wel, geliefdes, in ons samelewing is dit nie normaal as mense wat uit verskillende huise kom regtig SAAM-MET-MEKAAR lewe nie.
- Inteendeel ... ons leef in 'n wêreld waarin elkeen vir homself leef.
- Kyk net hoe Kain Abel doodmaak ... en Jakob en Esau mekaar bedrieg.
- Kyk net hoe baklei ons die heel tyd ... selfs in gesinne en families ... selfs wanneer man en vrou saamleef.
- Maar nou ... nou kom ons as gelowiges ... wat op verskillende plekke werk ... en in verskillende families leef ... en ons skuif ons eie belange op die agtergrond en ons versorg mekaar en is lief vir mekaar.
- Dis vreemd ... anders ... ongewoon ...
- En dit maak dat mense begin vra:

*Maar hoe kry julle dit reg ... wat so baie van mekaar verskil ...
om regtig saam met mekaar te leef?*

- Wel ... die Here het ons gekies en gereed gemaak ... Hy het ons in Jesus sy kinders gemaak en deur die Gees Jesus se liefde deur ons laat vloei.
- Sien jy hoe ons saam – wanneer ons regtig saam-leef – aantreklik word vir die mense om ons ... en ons die geleentheid gee om met hulle oor Jesus te praat?!

Dawid se tweede prentjie is die dou:

- Dawid praat van die berg Hermon:
 - Dis die hoogste berg in die hele Kanaän.
 - Dis ook die berg waar daar voortdurend sneeu is.

- En die dou by Hermon is baie ... as jy een aand buite slaap daar by die berg gaan jy sopnat wees.
- En dis vir daardie omgewing goed ... want in Kanaän is daar nie baie reën nie ... net aan die begin en die einde van die seisoene ... en daarom het hulle dou nodig om te sorg dat die gewasse kan groei.
- Maar nou praat Dawid ook van Sionsberg:
 - Dis die klein bergies in Jerusalem ... waar die tempel gebou is.
 - En Sionberg is maar 'n droë berg ... met min dou.
 - So by Sionsberg groei daar nie baie plante en bome vanself nie.
- Daarom sê Dawid:
 - Dink nou net die dou van Hermon kom by Sion.
 - Dink net hoe sal die wêreld by Sion anders word.
 - Dink net hoe groen gaan die gras skielik wees en hoe gaan daar bome groei wat vrugte gaan dra.
 - Ja, dink net hoe vrugbaar gaan die wêreld word!

Wat bedoel Dawid hiermee?

- Hy sê ... as jy en ek en ons almal regtig saam-met-mekaar leef ... dan gaan ons soos die dou van Hermon wees.
- Dan gaan ons die dorre wêreld rondom ons vrugbaar maak.
- Dan gaan ons sorg dat mense wat geen vrugte vir die Here dra nie (wat nie die Here ken nie en nie saam met Hom leef nie – tot geloof kom en die Here dien!
- Ja, dan gaan ons sorg dat al meer mense om ons in Jesus begin glo!

Sien jy wat sê Dawid in wese, geliefdes:

Wanneer gelowiges SAAM-MET-MEKAAR leef ... dan kom mense tot geloof!

- En dis nie omdat jou-en-my-saam-wees ander mense red nie.
- Née, dis omdat die Here Jesus ons SAAM-MET-MEKAAR-LEEF gebruik om mense in Hom te laat glo.
- Ja, ons saam-leef-met-mekaar maak Jesus vir mense aanloklik.

- As hulle ons so anders sien leef ... dan wil hulle ook in Jesus glo!
- Ons “abnormale” saam-leef-met-mekaar wys vir mense:

Jesus is die Weg en die Waarheid en die Lewe!

Dis hoekom ons Here Jesus juis die aand voor sy kruisiging bid, geliefdes:

*Ek bid egter nie net vir hulle nie,
maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom.*

*Ek bid dat hulle almal een mag wees,
net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees,
sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*

- Hoor jy daardie woorde?
sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

- En ‘n bietjie later bid Jesus steeds:
*sodat hulle volkome een kan wees,
sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en
hulle liefhet net soos U My liefhet.*

- Ja, ons saam-met-mekaar-leef wys vir mense:

Die Here se liefde ... in Jesus ...

Dis hoekom dit vir die Here so belangrik is dat jy en ek saam-met-mekaar sal lewe:

Hy gebruik ons saam-met-mekaar-lewe om SY liefde in Jesus vir mense te wys!

Hy gebruik ons saam-met-mekaar-lewe in SY reddingswerk!!

HERE SORG DAT ONS SAAM-MET-MEKAAR KAN LEEF

Nou bly daar een vraag oor, geliefdes, en dit is:

Is dit regtig vir ons as mense moontlik om SAAM-MET-MEKAAR te leef?

Hoe kry ons dit reg?

Hierdie vraag kom, geliefdes, omdat ons weet wat gebeur in ons kerke en ook in ons eie gemeente:

- Ons sien hoe kerke al meer versplinter ... al meer verskillende kerkgemeenskappe na vore kom.

- Ons weet hoe mense hier by ons wegstap ... en by 'n ander geloofsgemeenskap weer inskakel ... omdat hulle kwaad is ... of afgeskeep voel ... of maar net hul eie pad wil stap.
- Ons sien hoe ons as gelowiges sukkel om saam met mekaar te leef ... regtig SAAM ... hoe almal net Sondag hier saamkom en elkeen weer op sy eie wegstap ... hoe onbekend ons eintlik met mekaar is.
- En dis nie wat die Here wil nie ...
- Tog gebeur dit ... en dit laat mens vra:

*Maar kan ons regtig as gelowige so intens SAAM-MET-MEKAAR leef
soos die Here dit wil?*

Wel ... dit kan:

- Kyk maar na die vroeë kerk ... die eerste gelowiges.
- Ons het Handeling 4 gelees.
- *Die gelowiges was een van hart en siel.*
 - Dis nie 'n ideaalprentjie wat nie haalbaar is nie, geliefdes.
 - Dis die werklikheid.
 - Die groot getal gelowiges – meer as 5000 gelowiges – was een van hart en siel.
- *Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel.*
 - Niemand het sy eie beursie eerste gestel nie.
 - Niemand het sy eie belange voorop gestel nie.
 - Hulle deel alles met mekaar.
 - Ek vat my spaargeld om te sorg dat jy blyplek het.
 - Ek verkoop my huis sodat jy kos op tafel het.
- *Die apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en die genade van God was groot oor hulle almal.*
 - Ja, daar was 'n duidelike uitreik na die gemeenskap.
 - En die Here se seën was groot oor hulle.

- Die kerk het gegroei.
- Niemand het gebrek gely nie.

Handelinge 4 wys: Dit KAN ...

Psalm 133 is nie net 'n storie of sprokie nie ...

Hoekom werk dit, geliefdes?

Want dit kom van die Here af ...

Ons saam-leef-vloei van die Here af na ons toe.

- As jy Psalm 133 lees, is dit opmerklik hoe drie keer gepraat word van *afloop*:
 - Die olie op die kop ... loop af op die baard ...
 - Die olie op die baard ... loop af op die kraag ...
 - Die dou op Hermon kom af op die Sionsberge ...
- Die eenheid en die effek van die eenheid ... kom van Bo af ... van die Here af!

Daarom praat Dawid ook spesifiek van die HOËPRIESTER:

- Want profeties is die Hoëpriester ... ons Here Jesus.
- Vanuit Hom en deur Hom vloei ons eenheid, ons saam-wees-met-mekaar!
- Want Jesus het sy lewe, sy liggaam, gegee ... sodat ons almal gered kan word.
- Maar Hy het ook sy lewe en sy liggaam gegee ... sodat ons saam met mekaar kan leef.
- Onthou jy wat het Jesus aan die kruis gedoen ... met sy Ma en met Johannes?
 - Hy het hulle aan mekaar verbind.
 - Hy het hulle vir mekaar verantwoordelik gemaak.
 - Juis aan die kruis sê Hy:
 - *Daar is jou seun ... daar is jou moeder ...*
- En dit bly nie by die kruis nie ... want Jesus bly vir ons bid.
- Hy bly bid wat Hy die aand voor sy kruisiging gebid het:

*Ek bid dat hulle almal een mag wees,
net soos U, Vader, in My is en Ek in U*

Ons SAAM-LEEF-MET-MEKAAR is gewortel in ons Here Jesus!

Maar Dawid praat ook spesifiek van die DOU:

- En die dou dui ... onder andere op die Here se werk.
- Onthou bietjie Hosea 14:

... Ek (sal) vir Israel wees soos die dou.

Hy sal bloei soos 'n lelie en hy sal so vas staan soos die Libanon.

- En hier word spesifiek na die Gees verwys ... die Gees wat soos dou lewe moontlik maak, vrug na vore bring, dorre velde weer laat lewe.

- Is dit nie hoe die Gees geteken word in die bekende prentjie van Esegïel nie?

Die Gees wat die dorre doodsbeendere van Israel weer mense maak.

- Ja, dis die Gees wat ons die liefde gee om saam-te-kan-leef.
- Dis die Gees wat die eie-ek-hart verander in 'n ek-vir-jou-hart.
- Dis die Gees wat ons die geduld en vriendelikheid en selfbeheersing gee om regtig saam te kan leef.
- Dis die Gees wat ons aan mekaar bind, saamsnoer.
- Dis die Gees wat die eenheid bewerk ... soos Paulus dit in Efesiërs 4 stel.

Ons SAAM-LEEF-MET-MEKAAR vloei voort uit die Gees se werk!

So ...

Ons KAN saam-met-mekaar-leef ... as ons wil!

Want die Here sorg dat ons met mekaar kan leef.

Daarom is die belangrike vraag vanoggend, uiteindelik, geliefdes:

WIL ons saam-met-mekaar leef?

- Wil ek kontak maak met die mense wat saam met my vanoggend hier is?
- Wil ek tyd spandeer saam met die Here se kinders wat nou om my sit?
- Wil ek moeite doen om die Here se kinders om my te leer ken?
- Wil ek alles van myself gee vir die mense om my?
- Wil ek saam-met-jou-leef en die lewe saam-met-jou aanpak?
- Ja, wil ek ...

Dis die vraag ...

Want onthou:

- Dis mooi ...
- én dis goed ... wat die Here wil ...
- én Hy gebruik ons saam-leef-met-mekaar om mense te red ...
- én Hy sorg dat ons saam-met-mekaar kan leef ...

Daarom

Wil ek ... en gaan ek ...?

Dis die eerlike vraag aan jou en my ...

Kom ons sing Psalm 133 ...